

Joshua 4:4

Toe het JeHôWshua die twaalf man geroep wat hy uit die kinders van JisraEl, uit elke stam een man, aangestel het,

4:5 en JeHôWshua het vir hulle gesê: Trek uit voor die aangesig van die Ark van JaHWeH julle Elohey tot binne-in die Jordaan, en tel vir julle 'n klip op, elke man een op sy skouer, volgens die getal van die stamme van die kinders van JisraEl,

4:6 sodat sy 'n Teken onder julle kan wees. As julle kinders later vra en sê: Wat beteken hierdie klippe vir julle?

4:7 moet julle vir hulle sê: Omdat die water van die Jordaan afgekeer is voor die Verbondsark van JaHWeH by haar deurtog deur die Jordaan - die water van die Jordaan is afgekeer; daarom is hierdie klippe as 'n herinnering vir die kinders van JisraEl vir altyd.

4:8 Die kinders van JisraEl het toe so gedoen soos JeHôWshua beveel het: hulle het twaalf klippe uit die middel van die Jordaan opgetel soos JaHWeH met JeHôWshua gespreek het, volgens die getal van die stamme van die kinders van JisraEl; en hulle het dit saam met hulle deurgebring na die slaapplek toe en hulle daar neergesit.

4:9 JeHôWshua het ook twaalf klippe opgerig in die middel van die Jordaan, op die plek waar die voete van die priesters, die draers van die Verbondsark, gestaan het; en hulle is daar tot vandag toe.

4:10 En die priesters wat die Ark gedra het, het bly staan in die middel van die Jordaan totdat alles volbring was wat JaHWeH JeHôWshua beveel het om aan die volk te sê, volgens alles wat Moshè JeHôWshua beveel het; en die volk het gou deurgetrek. [MattithJaHûW 3:15, 16]

4:11 En toe die hele volk die deurtog voleindig het, het die Ark van JaHWeH met die priesters voor die aangesig van die volk deurgegaan.

4:12 En die kinders van Ruben en die kinders van Gad en die halwe stam van Manasse het gewapend voor die aangesig van die kinders van JisraEl deurgetrek soos Moshè aan hulle gesê het.

4:13 Omtrent veertigduisend wat vir oorlog gewapen was, het voor

die Aangesig van JaHWeH deurgetrek om te veg, na die vlaktes van Jérigo toe.

4:14 Dié dag het JaHWeH JeHôWshua groot gemaak voor die oë van die hele JisraEl, sodat hulle hom gevrees het soos hulle Moshè gevrees het al die dae van sy lewe.

4:15 En JaHWeH het met JeHôWshua gesprek en gesê:

4:16 Gee bevel aan die priesters wat die Ark van die Getuienis dra, dat hulle uit die Jordaan uit opklim.

4:17 JeHôWshua het daarop die priesters bevel gegee en gesê: Klim op uit die Jordaan.

4:18 En toe die priesters wat die Verbondsark van JaHWeH gedra het, opklim uit die middel van die Jordaan, het die priesters skaars hulle voetsole gelig en die droë Aarde bereik, of die water van die Jordaan het na sy plek teruggekeer en soos gister en eergister binne al sy walle geloop.

4:19 En die volk het op die tiende van die eerste maand uit die Jordaan uit opgetrek en laer opgeslaan by (die) Gilgal, aan die oostelike grens van Jérigo.

4:20 En daardie twaalf klippe wat hulle uit die Jordaan geneem het, het JeHôWshua by (die) Gilgal opgerig.

4:21 En hy het met die kinders van JisraEl gesprek en gesê: Wanneer julle kinders later hulle vaders vra en sê: Wat beteken hierdie klippe?

4:22 dan moet julle dit aan julle kinders bekend maak en sê: Op droë Aarde het JisraEl deur hierdie Jordaan getrek,

4:23 deurdad JaHWeH julle Elohey die water van die Jordaan voor julle uit laat opdroog het, totdat julle deurgetrek het, soos JaHWeH julle Elohey gedoen het met die Skelfsee wat Hy voor ons uit laat opdroog het, totdat ons deurgetrek het;

4:24 dat al My volke van die Aarde kan weet dat die Hand van JaHWeH sterk is, sodat julle JaHWeH julle Elohey altyd mag vrees.

Betekenis van “GILGAL”.

*As suggested in the original Hebrew of Joshua 5:9 (quoted above), the word **gilgal** in Hebrew is related to the word **galal**, which means “to roll.” **Galal** is often used to refer to rolling heavy objects such as stones. So in Hebrew the related word **gilgal** means a wheel or circle, or something that rolls. In particular, it seems to refer to a circle of stones, or to a circular altar.*

For a meaning of the name Gilgal, HAW Theological Wordbook of the Old Testament gingerly reads A Circle Of Stones